

**Saterdag 27 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:1-8**

**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:5**

**God gee sy Gees om ons (ook in die huwelik) te lei, moenie deur hartstog van begeerte gelei word nie**

In ons is twee nature wat altyd in stryd is met mekaar. Van die sondeval af regeer die sondige natuur die mens om te doen net wat hy wil – tensy die Heilige Gees ons lewe beheers en die sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes in Christus Jesus gekruisig is (Gal. 5:24). Dan regeer die natuur van die weergeboorte, al is dit in hierdie lewe nog ver van volmaak. Wat die Gees wil en wat die sondige natuur wil, staan lynreg teenoor mekaar.

In die huwelik is dit eens so belangrik dat die Heilige Gees ons moet lei, sodat ons huwelik as gelowiges gekenmerk word deur die vrug van die Gees: liefde, vreugde, vrede ... (Gal. 5:22).

Die dryfkrag van die sondige natuur is begeerte, selfsug. Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Hulle word beheers deur die Heilige Gees. Die hartstog van begeerte dryf na onsedelikheid. Dit mag en wil 'n gelowige nie. Maar God het aan ons die groot geskenk van die huwelik gegee waar twee mense wat by mekaar pas, in liefde en vreugde (deel van die vrug van die Gees) ook die hartstog wat Hy ons gee, op hulle liefde vir mekaar kan rig. Hulle huweliksliefde word ook deur die Heilige Gees gegee en beheers. Daarom wil ons ook in ons huwelikslewe heilig lewe om God dankbaar te wees (vs 7).

In die Heidelbergse Kategismus Sondag 41:108 bely ons dat ons kuis en ingetoë moet lewe, sowel binne as buite die huwelik. Hebreërs 13:4: *Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.* Om jou naaste en mekaar te bedrieg deur 'n buite-egtelike verhouding, is eenvoudig reëlreg in stryd met die gesindheid waarmee Christus ons verlos en vrygemaak het.

Om al hierdie redes is die huwelik vir gelowiges baie meer as slegs hartstog. Dit is kosbaar en bevat die misterie dat die verhouding tussen Christus en sy kerk daarin afgebeeld word (Ef. 5:32). Hier kan die mees vervullende saamleef gevind word.

*Sing: Psalm 1-2:2; 139-3:1; Lied 530:1, 2, 3; 535:1, 2*

*Ds. J Malan (Jan) (emeritus)*